SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE

VERSLAG 2

BETREFFENDE VEREENVOUDIGDE PROSES VAN BEREDDERING VAN 'N BOEDEL WAARIN DIE LANGSLEWENDE GADE DIE ENIGSTE ERFGENAAM IS

1. Oorsprong van die projek

1.1 Die Departement Justisie het 'n memorandum, opgestel deur die Hoofmeester van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, aan die Kommissie vir oorweging voorgelê. In die memorandum word 'n vereenvoudigde proses van bereddering van 'n boedel voorgestel in daardie gevalle waar die waarde van die boedel nie 'n voorgeskrewe bedrag te bowe gaan nie en die langslewende gade die enigste erfgenaam van die oorledene is. Die projek is met die goedkeuring van Sy Edele die Minister van Justisie op die Kommissie se program geplaas.

2. Aard van die voorstel

In kort kom die Hoofmeester se voorstel daarop neer dat, in plaas van die aanstelling van 'n eksekuteur, die langslewende gade op aansoek aan die Meester by magtigingsbrief gemagtig kan word om boedelbates te vorder en as sy of haar persoonlike eiendom te behou mits geen beswaar daarteen deur die skuldeisers by die Meester ingedien word nie. Die aansoek om so 'n magtigingsbrief moet geadverteer word en kennis moet daarvan aan skuldeisers gegee word. Die

langslewende/.....

langslewende gade moet skriftelik onderneem om boedelskulde te betaal. Indien 'n magtigingsbrief uitgereik word, word die boedel sover dit die Meester se kantoor betref, as afgehandel beskou. Indien beswaar teen die vereenvoudigde proses wel deur 'n skuldeiser aangeteken word, moet die gewone prosedure gevolg word.

2.1 Die motivering vir die voorstel is dat daar 'n eenheid van belang tussen gades bestaan wat dit in baie gevalle onnodig maak om van die betreklik lang en ingewikkelde beredderingsproses gebruik te maak. Deur die verkorte proses kan heelwat tyd en koste vir die langslewende gade bespaar word. Dit sal ook 'n aansienlike mannekragbesparing in die kantoor van die Meester tot gevolg hê.

3. Oorlegpleging

Die Hoofmeester se voorstel is vir kommentaar aan al die Meesters voorgelê. Sommige meesters het die voorstel gesteun terwyl ander bedenkinge daarteen gehad het. Daar is onder andere die volgende besware teen die voorstel geopper:

(a) Die voorgestelde prosedure sal te veel voorlopige werk meebring om vas te stel of die boedel kwalifiseer vir bereddering ingevolge die verkorte proses. Indien 'n skuldeiser beswaar sou maak, verval die verkorte proses en moet die gewone prosedure van voor af 'n aanvang neem. In plaas daarvan om die bereddering van die boedel te bespoedig, kan dit daardeur vertraag word.

(b)/... Deur/....

(b) Deur af te sien van 'n eksekuteur sal daar geen regsbevoegde persoon wees wat die boedel kan verteenwoordig nie.

(c) Indien 'n eksekuteur by testament aangewys is, sal sy aanwysing verontagsaam moet word.

(d) Geen erfgenaam, ook nie die langslewende gade nie, kan op enigiets uit die boedel aanspraak maak alvorens die administrasiekoste vereffen is nie.

(e) Dit is teenstrydig met ons reg om skuldenaars sonder die uitdruklike toestemming van skuldeisers te substitueer.

(f) Ernstige probleme mag opduik as dit sou blyk dat die boedel insolvent is.

(g) Die skuldeisers sal nie in 'n posisie wees om te kan oordeel of hulle moet toestem tot die verkorte proses nie aangesien hulle nie kennis dra van die bates en laste van die boedel nie.

(h) Die skuldeisers sal nie voldoende beskerm word deur 'n blote onderneming deur die langslewende om die boedelskulde te vereffen nie.

(i)/ Die/....

(i) Die voorstel kom in wese neer op 'n terugkeer na die stelsel van 'n universele erfopvolger wat lank reeds geblyk het onprakties te wees.

3.1 Die Kommissie het na aanvanklike oorweging van die voor= en nadele van die voorgestelde prosedure besluit om die Hoof= meester die geleentheid te gee om sy saak persoonlik voor die Kommissie te stel. Hy het dit gedoen en is breedvoerig deur die Kommissie ondervra. Die Kommissie het, in die lig van die wesentlike gevaar van benadeling van skuldeisers, gevoel dat die voorstel in sy oorspronklike vorm nie aanvaarbaar is nie. Die Kommissie was egter van mening dat die voorstel moontlik aangepas kan word om die besware daarteen uit die weg te ruim. Die Hoofmeester is gevolglik versoek om 'n wysiging van sy voorstel te oorweeg. Die wysiging deur die Kommissie voor= gestel, behels kortliks dat daar vir die verkorte proses op 'n later stadium in die gewone beredderingsproses voorsiening gemaak moet word en wel nadat 'n eksekuteur aangestel is. Die skuldeisers moet die geleentheid kry om vorderings in te dien en aan te dui of hulle teen die verkorte proses beswaar het. Die Meester moet <u>prima facie</u> oortuig word dat die boedel solvent is. Die eksekuteur moet eers van sy amp onthef word nadat hy die bates aan die langslewende oorgedra het, maar sonder die nodigheid dat 'n likwidasie- en distribusierekening voorgelê word. Die Hoofmeester is versoek om die werkbaarheid van die wysigings deur die Kommissie voorgestel, te oorweeg en daaroor verslag te doen.

Uit/.....

3.2 Uit die Hoofmeester se verslag blyk dat hy van oordeel is dat die prosedure soos deur die Kommissie voorgestel in werklikheid sy doel sal mis deurdat dit geen verkorte proses sal wees nie. Die enigste verkorting van die beredderings= proses wat die gewysigde voorstel inhou, is dat afgesien word van die likwidasie- en distribusierekening. Daar sal egter nie van die rekening afgesien kan word indien die Meester hom prima facie moet oortuig dat die boedel solvent is nie. In die omstandighede trek die Hoofmeester sy voorstel vir 'n verkorte prosedure geheel en al terug.

4. Aanbeveling

Aangesien die Kommissie nie oortuig is dat die verkorte proses van bereddering soos deur die Hoofmeester voorgestel en die wysiging daarvan soos deur die Kommissie aan die hand gedoen, praktiès werkbaar is en tot voordeel van al die belanghebbendes sal strek nie, word aanbeveel dat die bestaande prosdure onveranderd gelaat word.